SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 22 SEPTEMBER 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

70-CM BAND WORD BEDREIG BY WRC-03

STASIE MET INTERESSANTE ROEPSEIN AKTIEF VANUIT SUDAN

OKTOBER RA-EKSAMENNOMMERS

2003 ARRL HANDBOEK

6-METER DXCC/VUCC

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com in te stuur nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

70-CM BAND WORD BEDREIG BY WRC-03

Dit is onder die aandag van die SARL gebring dat die bedreiging teen die 70-cm band weer opgevlam het. Die SARL het so pas 'n besprekingsdokument ontvang wat tydens die Werêld Radiokonferensie (WRC-03) volgende jaar ter tafel gelê sal word. Die dokument teiken die bandgedeelte 432 tot 438 MHz vir die uitsluitlike gebruik deur die beplande Earth Exploration Satellite Service (EESS) wat eersdaags gelanseer sal word. Sou hierdie voorstel by die Werêld Radiokonferensie aanvaar word sal dit beteken dat hierdie gedeelte van die band werêldwyd toegeken word en dus die doodsklok van alle 70-cm werking sal wees.

Die SARL is tans besig met dringende samesprekings met die Suid-Afrikaanse reguleerder, ICASA, en ook ander belangstellende groepe om hulle te oorreed dat hierdie 'n groot knou vir amateurradio in Suid-Afrika sal toedien.

Die gedeelte van die voorstel en die motivering volg.

Agenda Item 1.38: 'om, volgens Resolusie 727 (Verwys WRC-2000), oorweging te gee aan die voorsiening van tot 6 Mhz frekwensiespektrum in die frekwensieband 420 - 470 MHZ vir die Aarde Eksplorasiesatellietdiens (aktief).'

Agtergrond: Volgens die Verenigde Volke se Konferensie oor die Omgewing en Ontwikkeling (UNCED), Rio de Janeiro 1992, is daar 'n dringende behoefte vir die taksering en sistematiese waarneming van die woudbedekking en die skaal van wouddegradasie in tropiese en gematigde gebiede. Aktiewe ruimtesensors (Synthetic Aperture Radars (SARs) word benodig vir die monitering van die biomassa van die woude. Stelsels wat op frekwensies in die omgewing van 450 Mhz werk, kan die digte blaar- en takbedekking van woude deurdring, die boom/grond interaksie bepaal en is van belang in die konteks van informasie oor woudbedekking. Stelsels wat op 1,3 GHz of hoër werk kan nie die digte blare deurdring nie; optiese stelsels word gekortwiek deur wolkbedekking en die onvermoë om die biomassa op te spoor. Die spektrum om 450 Mhz is ook optimaal vir die monitering van die kontinentale yslaag asook vir die monitering van plantegroei- en grondoppervlaktes in die woestyn en tropiese gebiede.

Impak op Suid-Afrika. In Suid-Afrika word die band 450 - 470 MHz uitsluitlik gebruik vir Mobiele- en die Vastediens. Beskerming van hierdie dienste moet verseker word.

Konsep CPM Verslagteks. Die konsep CPM teks stel die volgende metodes voor om hierdie agendapunt aan te spreek:

Metode A: Toekenning aan EESS (aktief) met operasionele en tegniese beperkings. Twee opsies kan oorweeg word vir Metode A. Die een dui 'n spesifieke band binne die reeks 420 - 470 MHz aan, die ander dui nie 'n spesifieke band aan nie, maar laat dit oor aan WRC-03 om te besluit oor die band.

Opsie A1. Ken die band 432-438 MHz toe aan EESS (aktief), gebaseer op die tegniese en operasionele beperkings vervat in DRR ITU-R SA.1260.

Opsie A2. Ken 6 MHz toe aan EESS (aktief) in die frekwensiereeks 420 - 470 MHz, gebaseer op die tegniese en operationele beperkings vervat in DRR ITU-R SA.1260.

Metode B: Maak geen toekenning aan EESS (aktief) in die frekwensiereeks 420 - 470 MHz nie.

Die 'synthetic aperture radars' genoem in die voorstel is baie hoëkragsenders, gemik na die aarde en met 'n verwagte seinsterkte van om en by S9 + 60dB by 'n draagbare UHF-radio. Die sein is van so 'n aard dat dit die hele 6 MHz sal dek en effektief verhoed dat enige normale aardseine gehoor word.

Dit is van kardinale belang dat die SARL 'n sterk pleidooi moet lewer aan die SA afvaardiging na die WRC-03 en dat hulle die voorstel moet teenstaan. Met 'n sterk lidmaatskapbasis gaan dit 'n makliker taak wees. Dit is nodig dat die SARL namens alle amateurs die saak teen hierdie voorstel stel, maar dit kan net gebeur as amateurs by die SARL aansluit.

STASIE MET INTERESSANTE ROEPSEIN AKTIEF VANUIT SUDAN

William, ZS5WC, het SARLnuus in kennis gestel dat hy aktief is onder roepsein ST0F (Sierra Tango Zero Foxtrot) vanuit die Sudan. William sê dat hy op 15-meter aktief is soos sy tyd hom toelaat. Hy gebruik 'n ou Yaesu FT-7B wat tussen 20-30 watt uitsit in 'n vertikale 15-m lus of 'n draad Moxonantenna wat na die suide kyk - vir die voordeel van Suid-Afrikaanse amateurs. Luister uit op 21,300 Mhz of 21,155 Mhz vir ST0F, QSL na ZS5WC via die buro.

2003 ARRL HANDBOEK

Die SARL Boekwinkel het 'n bestelling geplaas vir 'n beperkte aantal kopieë van die 2003 ARRL Handboek. Die handboek behoort vroeg in November in Suid-Afrika te wees. Die prys is nog nie beskikbaar nie, maar belangstellendes kan Debbie by die NARS skakel en solank u naam op die bestellingslys plaas. Die telefoonnommer is 011 675 2393.

SARL BHF/UHF-KOMPETISIE

Daar is nog 'n paar uur oor van die tweede been van die SARL BHF/UHF-kompetisie wat om 12:00 eindig. Die adres waarheen jou korrek voltooide logopsomming en logstate gestuur moet word is: John Fielding, Posbus 256, Monteseel MCP, 3670 of per e-pos na johnf@futurenet.co.za. Moet asseblief geen ander adres gebruik nie.

RA EKSAMENNOMMERS

'n Totaal van 109 kandidate het vir die RAE wat op 17 Oktober plaasvind, ingeskryf. Eksamennommers word eersdaags aan kandidate gepos maar die eksamennommers is reeds op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za beskikbaar. 'n Lys van eksamensentrums verskyn ook op die webwerf.

Kandidate word versoek om seker te maak van die fisiese adres van hulle betrokke eksamensentrum.

RADIO ZS

Die Redakteur van Radio ZS maak bekend dat die September/Oktoberuitgawe van Radio ZS tans gedruk word en voor die laaste dag van September gepos sal word.
Hierdie uitgawe van Radio ZS word slegs aan opbetaalde lede van die SARL gestuur. Indien u nie 'n eksemplaar van hierdie uitgawe ontvang nie, kontroleer asb u lidmaatskapstatus met Debbie by die Nasionale Amateurradiosentrum.

Die Redakteur wil ook graag alle bydraers en voornemende bydraers daaraan herinner dat die sperdatum vir die November/Desemberuitgawe 31 Oktober is.

SAATI AJV

Op Maandag 30 September om 20:00 die aand word die Algemene Jaarvergadering van SAATI gehou by die klubhuis van die Pretoria Amateurradioklub op die

suid-kampus van die Universiteit van Pretoria. Alle amateurs wat in digitale modusse belangstel word uitgenooi om die vergadering by te woon.

6-METER DXCC/VUCC

Barry, ZR6DXB, is besig om 'n 6-Meter DXCC/VUCC-tabel vir ZS-operateurs op sy webwerf op te stel. Hy benodig insette van alle plaaslike operateurs en die volgende inligting kan aan hom gestuur word by zr6dxb@mweb.co.za

1. Lande gewerk / Lande bevestig;
2. Ruitblokke gewerk / Ruitblokke bevestig;
3. Jou eie ruitblok.

Die tabel sal teen volgende naweek op Barry se webwerf by www.qsl.net/zr6dxb verskyn.

Dit was dan die laaste berig in hierdie week se nuusbulletin wat saamgestel is deur Dennis ZS4BS en gelees is deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan al diegene wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX